STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

**STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT VRA VIR NOMINASIES VAN TOEPASLIK GEKWALIFISEERDE EN ERVARE PROFESSIONELE PERSONE OM AANGESTEL TE WORD AS LEDE VAN DIE STELLENBOSCH MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL.**

Ingevolge Artikel 70(1) van die Stellenbosch Grondgebruikbeplannings Verordening (2015), moet die Stellenbosch Munisipaliteit 'n Munisipale Beplanningstribunaal (MBT) instel om oor grondgebruik- en grondontwikkelings aansoeke te besluit. Die ampstermyn van die huidige MBT sal gedurende 2023 eindig. Gevolglik word 'n uitnodiging ingevolge Artikel 72(1)(b) gerig vir die nominasie van persone wat aan die vereistes voldoen om as lid op die MBT aangestel te word. Die lede wat vir die volgende ampstermyn aangestel word, se dienstydperk sal in 2023 begin soos bepaal deur die Raad.

Lede van die MBT moet oor kennis en ondervinding van grondgebruikbeplanning beskik wat verteenwoordigend is van 'n wye reeks ervaring en kundigheid. Voorkeur sal gegee word aan kandidate met 'n minimum van 10 jaar relevante ondervinding. Die verantwoordelikhede van MBT-lede sal insluit die voorbereiding van vergaderings deur beplanningsverslae te lees, bywoning en deelname aan maandelikse MBT-vergaderings en terreininspeksies waar nodig, die verifiering van notules van vergaderings, en enige ander pligte en funksies soos in wetgewing voorsien.

Lede sal vir 'n ampstermyn aangestel word met sodanige vergoeding soos deur die Raad bepaal, en onderhewig aan bepalings en voorwaardes.

Die nominasievorms is beskikbaar op die Stellenbosch Munisipale webwerf: www.stellenbosch.gov.za

Voltooide nominasievorms moet vergesel word van 'n Curriculum Vitae sowel as gewaarmerkte afskrifte van die kwalifikasies van die genomineerde en moet gerig word aan: Mnr S Carstens, Senior Bestuurder: Ontwikkelingsbestuur en moet per e-pos aan Lenacia Kamineth gestuur word.

**Navrae:** Lenacia Kamineth
**E-pos:** Lenacia.Kamineth@stellenbosch.gov.za
**Tel:** +27 21 808 8697

**Die sluitingsdatum vir die benoeming is 16 Januarie 2023. Geen handafgelewerde, gepos of laat aansoeke sal oorweeg word nie.**

Kennisgewing No: 17/22

MUNISIPALE BESTUURDER
Munisipale Kantore, Pleinstraat, Stellenbosch, 7600